Woensdag **27 November**

**Skrifgedeelte: Lukas 24:36-52; Matteus 28:20**

**Fokusgedeelte: Lukas 24:36-52**

**Troos in die herderlike sorg van die Here – Jesus het alles vervul!**

"God is by ons". So is ons gister getroos. Na sy sterwe en opstanding, verskyn Jesus juis aan sy dissipels om hierdie geloofsfeit te bevestig. Hy bevestig dit fisies en tydelik met sy teenwoordigheid en as hy iets eet. Hy bevestig dit geestelik en ewig as hy verklaar dat alles wat in die wet, profete en Psalms oor hom staan, waar geword het.

Dan gebeur een van die mooiste herderlike dade van ons Here Jesus naas sy dood en opstanding, en dit is dat hy sy volgelinge se verstand oopmaak om die Skrif te verstaan! Soos wat Josua nie onseker kon wees oor God se wil nie omdat hy die wet gehad het, so hoef die dissipels van Christus nie onseker te wees oor die betekenis van sy koms, of hulle eie verantwoordelikheid nie.

Die Skrif het gesê dat die Gesalfde sou ly en uit die dood opstaan. Omdat hulle dit nou verstaan, moet hulle die getuies wees wat vertel van die goeie nuus dat daar vergifnis is na opregte bekering!

Weer kom die troos dat God nie sy kinders alleen laat om self hiermee te worstel nie. Die belofte van die "gawe", is niks anders as 'n voortsetting van God se belofte om by sy kinders te wees nie. Nou deur die inwoning van die Heilige Gees!

Ons troos lê dan daarin dat Jesus die vervulling is van die pad wat God die Vader deur die Ou Testament met sy kinders gestap het. Maar dit gaan nog dieper, omdat Jesus op hierdie oomblik alles volledig vervul wat in die Skrif staan.

Matteus herinner ons aan Jesus se afskeidswoorde tydens sy hemelvaart: "En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld" (Matt. 28:20).

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2*

*Ds. HV (Henning) Venter (Windhoek)*